

"Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie?"

# NUUS Krummels

Gelowiges. Inc.

Lourensrivier-Strand

OORGEE OMGEE AANGEE

30 April '26

# Voorbidding

BID sonder ophou

- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Esmarie Terblance
- Chris Bester
- Gideon Theart
- Detlev Traut
- Coenie Baard
- Ella Schneider
- Danie Volschenk
- Gerda de Villiers
- Die Wessels familie - Mia-Miri(6)
- Yvonne Horn
- Miranda Beukes
- Vollie Volschenk
- Gerhard le Roux
- Jakkie Alberts

Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer. Elke Sondag 08:30 – 08:55

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.

Lourensrivier-Strand

# Pinkster '26



**Ons benodig asb. weer warm potte sop en broodjies tydens ons Aanddienste 18, 19, 20 en 21 Mei**

**Skakel asb. vir Bernice tydens Kerkkantoorure en laat weet waar jy kan help: 021 853 5991**

Lourensrivier-Strand

## Alle afgetredenes baie welkom

## Helderberg Seniorklub



Dinsdag 12 Mei by Helderberg Gemeente, Firmountweg 82, Somerset-Wes
09:00 - Tee en verversings en 09:30 - Samesang en program
Lede: R10.00 en besoekers: R20.00

**Spreker: Dr Andries Cilliers - "Kry jou storie bymekaar" Hoe oupas en oumas iets kosbaar vir hul kinders en kleinkinders kan agterlaat.**

Navrae: Apolonia Maritz by 021 853 7560 of 082 507 7091

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 23 October - 7 November '26

**Het jy al aansoek gedoen om die jaar by ons Mark uit te stal?**

**Ons is opsoek na uitstallers wat Goeie Kwaliteit, Handgemaakte Produkte, asook Unieke Items maak om by ons Mark uit te stal.**



**Aansoeke sluit: 30 Mei**
**Keuringsdag: 30 Mei**

Vir 'n aansoekvorm,
stuur gerus 'n e-pos na:
lourensrivierfeesmark@gmail.com
of gaan na ons webblad en laai al
die nodige dokumente af

Skakel gerus die Kerkkantoor
vir meer inligting:
021 853 5991

# Vrae wat die Here vra

**“Waar is jy?”** - sien 19 Maart ‘26
**“Wil jy gesond word?”** / **“Wat soek julle?” -** sien 26 Maart ‘26
**“Waarom maak julle dit vir die vrou moeilik?”** / **“Waarom is julle bang?”**- sien 9 April ‘26
**“Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte?” / “Wil julle nie ook weggaan nie?” / “Maar sal die Seun van die mens by Sy koms nog geloof op die aarde vind?”** - sien 16 April ‘26
**“Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?” / “Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?” / “Het jy my lief?” / Wat staan in die wet van Moses gesrywe? Wat lees jy daar?” / “Wat raas en huil julle so?”** - sien 23 April ‘26

**“Waarom maak julle nie vir julleself uit wat die regte ding is om te doen nie?”** (Luk. 12:57) Die opskrif by dié Bybelgedeelte waar Jesus hierdie vraag vra, is: “Vroegtydige versoening”. Hy sê vir die mense (en vir ons ook!) om moeite te doen om jou saak met jou teenstander te skik terwyl jy op pad is hof toe. Doen moeite om vroegtydig te versoen, moenie uitstel nie, moenie wag tot in die hof of voor ’n regter nie. Moenie uitstel totdat een party verneder en vertrap is en alles verloor nie. Maak vir jouself uit wat die regte ding is om te doen. As jy skuldig is, erken dit en dra die gevolge. As jy skuldig is bely dit en pleit vir vergifnis. As jy skuldig is, doen wat jy kan om die saak reg te stel, maak vroegtydig vrede. As jy onskuldig is, moenie ten alle koste wil wraak neem en die ander een aan die pen laat ry nie, moenie met alles in jou op jou regte staan en probeer vergeld nie. Maak vir jouself uit wat die regte ding is om te doen. Ons weet watter pad Jesus voorstel: draai die ander wang, moet jou nie teen ’n kwaadwillige mens verset nie, as iemand jou dwing om sy goed een kilometer ver te dra, dra dit vir hom twee kilometer, vir iemand wat jou boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie weier nie. “As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.” (Rom. 12:20) Dis die regte dinge om te doen.

Ek kan nie help om te dink dat hierdie paar verse ook ’n verdere betekenis het nie. Waarom maak julle nie vir julleself uit wat die regte ding is om te doen nie? Ons is op pad na God se hofsaal, waar die ewige Regter ons gaan beoordeel. “Hy het ’n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel”, sê Hand 17:31. Vriende, ons het die voorreg om op pad na die Regterstoel die saak uit te maak met God. Ons het nóú die geleentheid om Jesus as Verlosser aan te neem, ons het nóú die geleentheid om ons sonde te bely en volkome vergifnis te ontvang. Ons wéét wat die regte ding is om te doen. Ons kan vroegtydige versoening ontvang en die oordeel van die Regter vryspring. “Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.” (Rom 3:26) Maak vir jouself uit wat die regte ding is om te doen en doen dit.

**“Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie?”** (Matt. 26:40) Jesus is in doodsbenoude oomblikke besig om te bid en te pleit by sy Vader. Hy het sy dissipels saamgeneem en gevra: bly hier en waak saam met My. Maar helaas, hulle kon nie wakker bly nie. Hulle kon nie vir Jesus help om sy las te dra in Sy tyd van verdriet en angs nie, hulle kon nie saam met Hom bid nie, hulle moegheid en menslikheid het die oorhand gekry. En ek en jy? As Jesus ons vanaand vra vir ’n uurtjie uit ons dag, ’n tyd om saam met Hom te wees, ’n tyd om te bid en op Hóm te fokus, ’n uurtjie om met die Woord te spandeer? Sou jy bereid wees? Sou jy dalk liewer kies om iets anders te doen, of sou jy dalk aan die slaap val? Ek vra myself af: wat is ek bereid om op te offer ter wille van Jesus? Sal ek bietjie die TV afsit, my selfoon neersit, my stokperdjie laat staan, my tyd saam met my vriende opgee om eenkant saam met Hom te “waak”? Ons moet natuurlik ook hoor en raaksien wanneer ons vriende en familie dalk ’n uur van ons tyd nodig het om saam met hulle te waak.

Daar is tye dat ons ons eie behoeftes en beplanning opsy behoort te sit om iemand te help, om saam te bid, te luister, raad te gee, hand by te sit met take. “Dra mekaar se laste”, sê die Bybel mos vir ons. Om saam met iemand te waak, beteken jy sal dalk moet wakker bly om hom op te pas en te versorg. Om saam met iemand te waak, beteken jy moet oplettend wees en aandag gee aan sy behoeftes. Om saam met iemand te waak, beteken jy sal dalk moet geld spandeer om te help kyk dat sy sake reg verloop. Om saam met iemand te waak, beteken jy moet dalk jou eie planne vir ’n rukkie eenkant toe skuif. Ek is ongelukkig skuldig want dis makliker en lekkerder om na my eie belange om te sien, my eie selfsugtige dinge te doen, met my voete op te sit en rus, of vroeg onder die komberse in te kruip as om vir ’n uur saam met iemand te waak. As jou vriend vra: Bly hier en waak saam met my, sal jy? As Jesus vra: Bly hier en waak saam met My, sal jy?

**“Wie het nou net aan My geraak?”** (Luk. 8:45) ’n Klomp mense het rondom Jesus saamgedrom, ook ’n vrou wat al baie lank siek was, wat al haar geld op dokters spandeer het en nou desperaat is om by Jesus uit te kom. Sy het van agter af aan die soom van sy klere geraak en onmiddellik gesond geword en Hy het dit gewéét! Hy weet as ons desperaat is vir sy hulp. Hy weet as ons na Hom toe vlug wanneer ons radeloos is. Hy weet as ons uitreik om aan Hom te raak sodat sy krag na ons toe kan vloei – krag om te genees, krag om te red, krag om te troos, krag om ons verleentheid weg te vat, krag om ons moed en hoop te gee. Toe sy aan Hom raak, het Jesus gaan stilstaan. Hy het haar uitgesonder tussen almal. Hy wys dat die individu vir Hom belangrik is, dat Hy nege-en-negentig skape sal los om een te help, dat Hy sal stop en opkyk in ’n boom om ’n sondaar raak te sien. Baie mense moes aan Hom geraak het daar in die gemaal van die skare, maar toe Hy vra: “Wie het nou net aan My geraak?”, was almal doodstil. Hulle was só naby aan Hom, maar tog het hulle Sy krag gemis wat ook tot hulle beskikking was. Of dalk het hulle nie met desperate geloof en hoop alle hindernisse ontsien om na Hom uit te reik nie.

As ons in geloof na Jesus soek, met Hom kontak maak, uitreik na Hom, gaan Hy dit wéét en gaan Hy reageer. Toe sê Jesus vir die vrou: "Jy het gewys hoe groot jou geloof is toe jy aan My kom raak het. Daarom is jy nou gesond. Gaan in vrede. (Luk. 8:48, Die Boodskap) Genesing, vrede, vergifnis, vryheid – dis die uitvloeisel daarvan as ons met Hom kontak maak. Dis vir my só mooi hoedat Jesus haar hierna aanspreek as "dogter". Ja, as jy na Jesus kom en glo dat Hy bestaan, , as jy na Jesus kom en Hom aanraak, as jy na Jesus kom en Hom aanneem as Verlosser, het jy die reg om sy dogter of sy seun genoem te word. "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." (Joh. 1:12)

**"Wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng?"** (Matt. 6:27) Hier is nog een van daai retoriese vrae wat Jesus vra. Hy wag nie vir 'n antwoord nie, want die logiese antwoord sal wees: "Niemand nie, Here". Dis 'n vraag wat ons dwing om ons eie lewe te ondersoek, wat ons kommer-gedagtes in hulle spore stuit en wat ons laat besef dat bekommernis geen positiewe uitkoms kan hê nie. Bekommernis het gewoonlik met iets in die toekoms te doen, nie waar nie? Gaan ek my werk verloor? Gaan ek siek word? Gaan ek genoeg geld hê vir my oudag? Gaan my kinders bly staan by die waardes wat ek hulle geleer het? Gaan 'n skelm my oorval en beroof? Gaan my man se oë dalk dwaal? Gaan ek die eksamen slaag? Gaan ek uitgevang word vir dit wat ek verkeerd gedoen het? Ag julle kan die lys aanvul want julle ken seker ook al daai alledaagse bekommernisse. Op die ou einde het jy hoofpyn of maagpyn of ekstra plooie of dalk word jy totaal uitgeput en depressief en dít terwyl nog nie een van daai goed waaroor jy jou bekommer al gebeur het nie en heel waarskynlik gaan dit ook nie gebeur nie. As jy jou vandag bekommer oor wat môre gaan gebeur en dit gebeur nie, het jy jou onnodig bekommer. As dít waaroor jy jou bekommer het, wel gebeur dan is jou bekommernis onnodig verdubbel.


Ek voel altyd skuldig teenoor die Here wanneer bekommernis al weer die oorhand kry. Jesus sê juis in Matt. 6 dat dit ongelowiges is wat hulle bekommer. Ek behoort nie, want ek weet mos Hy is in beheer, niks sal my uit sy hand ruk nie en Hy sal alles vir my ten goede laat meewerk. "Moet julle dus nie oor more bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie." (Matt. 6:34) Ai, dis seker een van die moeilikste opdragte. Ons moet probeer, want bekommernis steel vreugde, lewenslus, moed en hoop by ons. Bekommernis ontsluit ander emosies soos angstigheid, frustrasie, vrees, onsekerheid, wanhoop en ontevredenheid. Bekommernis maak 'n skaduwee oor my geloof en vertroue in die Here. Wat kan ons doen aan die bekommernis-skaduwee? Vra jouself af wat is die ergste wat kan gebeur en berei jouself daarvoor voor. Kry feite oor die situasie waaroor jy bekommerd is. Vra jouself of die situasie regtig so erg is as wat dit in jou kop is. As jy iets kan doen aan dit waaroor jy jou bekommer, doen dit en moenie uitstel nie. As jy niks daaraan kan doen nie, probeer om dit te aanvaar en om nie meer die hele tyd daaraan te dink nie. Vul jou gedagtes met positiewe dinge. Hou jouself besig met iets opbouend. Dalk kan jy die energie eerder aanwend om na iemand anders uit te reik en iemand te help. Soek eerder die silwer randjie as om te fokus op die donker wolke.

Pak jou bekommernisse af by die Here – kom na my toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, is Jesus se uitnodiging. Doen dit in geloof en ontvang sy rus en vrede. "Pile your troubles on God's shoulders-- He'll carry your load, He'll help you out" (Ps 55:22 MSG). En bid! "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus." (Fil. 4:6-7)

"**Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?"** (Matt. 7:3) Soos wat ek die vrae wat Jesus in die evangelies vra opsoek en oordink, het ek dié een bly uitskuif. Ek moet bely dat ek eintlik hierdie vraag van Jesus heeltemal wou oorslaan. Ek was nie regtig lus om iets hieroor te sê nie. Ek is skaam omdat ek een van dié is wat met 'n yslike stuk hout in my oog rondloop en wat sal ek sê as Jesus dié vraag vir my moet vra? Moenie oordeel nie, sê vers 1. Hoekom zoom mens dan so in op die splinter in jou man, of jou vriend of jou suster se oog, hoekom soek jy so graag na splinters in bekendes, politici en ander hoëlui se lewens (en dan verlekker jy jou as jy iets kry)?

Ek het nou vandag baie hieroor gewonder. Is dit ons gebrek aan genade en meegevoel? Is dit omdat ons geen deernis en jammerte het nie? Is dit omdat ons onsself hoër ag as iemand anders? Is dit omdat ons hoop dat die fokus op ander se foute en flaters dalk die aandag so bietjie van die balk in my eie oog sal aftrek? Kom dit dalk uit ons eie minderwaardigheid of jaloesie? Is dit omdat ons vir onsself 'n regters-troontjie opgerig het van waar ons oordeel en vinger wys en wraak neem? Kyk 'n bietjie na daai balk in jou oog. Hy maak jou blind. Hy verhoed dat jy dinge sien vir wat dit is. Hy verhoed dat jy jou eie lewe beoordeel, ondersoek en toets. Hy maak dat jy geveinsde, skynheilige, huigelaar genoem word. As jy dalk, soos ek, skuldig is, kom ons klim van daai troontjie af, ondersoek ons eie doen en late, ons eie motiewe, ons eie foute en sondes. Kom ons bely, laat staan en maak reg. Kom ons gaan dan versigtig nader en help ons broer sagkens en met groot sorg, met baie meegevoel en empatie, met 'n "spirit of meekness" (soos wat Gal 6:1 sê) om die splinter uit sy oog te verwyder. "Council him and help him, but do not judge him", het iemand gesê. Mag die Here ons daarmee help.

Met toestemming ~ www.heuning.co.za - Wilna Botha




Lourensrivier-Strand

# Hemelvaart

## 14 Mei, 19:00-Erediens



Lourensrivier-Strand




Hierdie Sondag kom slegs die Groepleiers bymekaar vir ‘n braai en spanbou sessie.

Hulle word toegerus met die nodige vaardigdhede om die LifeLife Jeug kinders te help groei in hul verhouding met onse Hemelse Vader

## *Slegs - Groepleiers*

# Pinkster '26

## die Tabernakel

**'n Aardse woning vir die Hemelse Koning**

**Kom saam op 'n reis om die tentkerk, die tabernakel, in die woestyn te gaan besoek.**

| | |
|---|---|
| **Datum** | *17 - 24 Mei* |
| **Tyd** | *18:00 - 19:00* |
| **Waar** | *NGK Lourensrivier - Kerksaal* |
| **Wie** | *Gr 1 - 7* |



*aangebied deur:*

Dinamiet Kiedz en Beloftelanders




# Die Wonderwerk in 'n Boksie

Drie maande gelede was daar 'n pakkie by ons Kerkkantoor afgelewer, bestem vir iemand baie spesiaal. Vir weke lank het die boksie op ons rak gewag. Elke keer as ons daarna gekyk het, het ons gewonder oor die storie daaragter en die persoon wat dit eendag sou ontvang.

Vanoggend was die dag wat alles in plek geval het. Derick het die boksie met groot verwagting na die Oudioloog by die Goedehoop-sentrum geneem. Hulle kon hul oë skaars glo. Daardie pakkie wat vir drie maande op ons rak gewag het, bevat die perfekte gehoorstuk – presies wat hulle nodig is om 'n Tannie van 93 te help. Vir haar is dit nie net 'n toestel nie; dit is die geskenk van klank, die vermoë om weer stemme te hoor en deel te wees van die wêreld om haar.

Ons harte loop oor van dankbaarheid. Ons wil 'n opregte dankie sê aan die spesiale persoon wat die boksie oorspronklik by ons kantoor afgelaai het. Julle vrygewigheid het 'n kettingreaksie van hoop veroorsaak. Dit is 'n voorreg om te weet dat ons kantoor as 'n brug kon dien om hierdie kosbare geskenk by iemand uit te kry wat dit werklik nodig het.


Save the Date · Save the Date · Save the Date · Save the Date ·
Gemeente Kamp!
OORGEE OMGEE AANGEE
Lourensrivier-Strand
16-18 Oktober '26
Almal is baie welkom! Skakel asb. die kerkkantoor indien jy belangstel om saam te kamp
Kampterrein: Khomeesdrift buite Riviersonderend
Karavane: Ja
Krag: Nee



Lourensrivier-Strand

# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders



## PROGRAM

| | |
|---|---|
| 12 April | Les 9 |
| 19 April | Les 10 |
| 10 Mei | Kinderdiens (Ds Chris) |
| 17 Mei | Oggend:Begin van Pinster. Les 1 |
| 18 Mei | Maandag - Pinkster - Les 2 |
| 19 Mei | Dinsdag - Pinkster - Les 3 |
| 20 Mei | Woensdag - Pinkster - Les 4 |
| 21 Mei | Donderdag - Pinkster - Les 5 |
| 22 Mei | PINKSTER - Oorslaap met ouers in saal by kerk. |
| 24 Mei | Sondag - Pinkster - Les 6 - afsluiting. |
| 31 Mei | Les 11 |
| 7 Junie | Les 12 |
| 14 Junie | Langnaweek |
| 21 Junie | Kwartaal afsluiting |

**GRAAD R-7**

**ONTHOU!**

Elke Ssondag, ons kom eers in die kerk bymekaar en sal dan na die saal verdaag

**VIR MEER INLIGTING - SKAKEL GERUS VIR TANIE KARIN**

**083 653 0654**

# Pinkster 26

17 Mei: 09:00 - Erediens - Koffie & Tee na die tyd
18 Mei: 18:00 - Erediens - Sop na die tyd
19 Mei: 18:00 - Erediens - Sop na die tyd
20 Mei: 18:00 - Erediens - Sop na die tyd
21 Mei: 18:00 - Erediens - Sop na die tyd
24 Mei: 18:00 - Erediens - Sop na die tyd




## Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS

**kom op Donderdag 7 Mei 2026 om 09:50 by die NG Omgeegemeente in Andries Pretoriusstraat in Somerset-Wes bymekaar.**

**Danie Pienaar kom gesels met ons by hierdie geleentheid oor die geskiedenis van die Strand.**
**Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversing en goeie geselskap vanaf 09h:15.**

**Almal welkom.**
**Bywoningsgelde vir lede: R20**
**Besoekers: R30**

**Vir meer inligting - skakel asb. vir Naas du Preez**
**027 82 804 1729 of E-pos: ndupreez022@telkomsa.net**



Lourensrivier-Strand

# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening



## Winterwarm in Julie



Vir hierdie projek benodig ons asb. die volgende:
***Musies, Serpe en Komberse***
Of jy dit self maak, of self koop,
dit maak nie saak nie.

*Alle donasies kan by die Kerkkantoor afgelewer word of Sondae in die boks gelos word voor in die portaal*

*Ons wil graag dankie sê vir al die besige hande wat vir ons mussies hekel/brei.*

SHARE YOUR FAITH

## EVANGELISM EXPLOSION

## *DEEL JOU GELOOF*

## Evangelie Getuienis Seminaar

**Prakties! Effektief! Dinamies!**

*'n 'Handige' benadering om vriendskappe te bou, die GOEIE NUUS te deel ...en jou geloofsgemeenskap te help groei...*

**Leer verstaan en deel die verlossingsboodskap van Jesus eenvoudig, vrymoedig, kort en kragtig met geliefdes en vriende – maak 'n ewigheidsverskil!**

## Lourensrivier NG Kerk

**H/v Broadway Blvd & Da Gamastrate, Strand**

**Saterdag 9 Mei 2026 08.00–13.00**

**Semiaarfooi:** Persoonlike liefdesoffer, opwindende seminaar-, uitreikmateriaal & verversings

**Bevestig asb. jou en vriende se plekke nie later nie as Wo. 6 Mei. by**


## Retha 072 510 8808

**Gelowiges en vriende van alle gemeenskappe is hartlik welkom**

***Strand Dienssentrumis tans besig met 'n spesiale fondsinsamelingsinisiatief: Adopt a Granny or Grandpa.***

Met hierdie projek wil hulle uitreik na kwesbare bejaardes in die Strand-omgewing. Die fondse wat ingesamel word, word aangewend om ondersteuning te bied in die vorm van warm etes en basiese versorging – om hoop te bring en verligting te gee in die daaglikse uitdagings wat baie van ons bejaardes ervaar.

Die organisasie beskik oor 'n PBO-nommer, en 'n Artikel 18A-sertifikaat kan uitgereik word vir alle finansiële bydraes.



Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**
Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr.: 420 580 231
Verwysing: naam en van
e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™ pay with MasterCard VISA and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**Gemeente-Webblad**
https://lourensrivier.co.za/

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie
***Lourensrivier-WhatsApp Groep***
Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

## ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.

Shop Local


MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

SECURE SE
www.securese.co.za

Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

www.camlivevision.co.za
CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Blue Crane Funerals
For all your funeral arrangements.
Vir al jou begrafnis reëlings.
TEL: (021) 853 3952
10 Gordons Bay Road, Strand
info@bluecranefunerals.co.za
www.bluecranefunerals.co.za

www.volantraorbital.co.za
VOLANTRA ORBITAL
VOLANTRA ORBITAL
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flaméros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

HELDERBERG
HBP
BUILD & PAINT
CHAPPIE JACKSON (STUART)
info@hbp-group.co.za • 082 872 6830
www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za
Ek kan jou behulpsaam wees met:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is n gelisensieerde lewensversekeraar, n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).
Sanlam
Lewe met sekerheid